

# Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die  
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Januarie/Februarie 2013

## Lees binne...

- Maak die beste gebruik van elke geleentheid – 1
- Die wet en die (de)kriminalisering van tienerseks – 3
- Heidelbergse Kategismus 450 jaar – 4
- Sien dit soos dit is – 6
- Die lied wat ons verleer en vergeet het – 7

Ry die golwe in 2013

## In hierdie uitgawe

- BI 1 Maak die beste gebruik van elke geleentheid (Dr Daan van Wyk jr)
- BI 2 **Van die redakteur, dr André Ungerer**  
Ry die golwe in 2013
- BI 3 **Aktuele sake**  
Die wet en die (de)kriminalisering van tienerseks (Ds Neels van Tonder)
- BI 4 **Kerkwêreld**  
Heidelbergse Kategismus 450 jaar (Dr Christo Pretorius)  
Die Bybel steeds 'n topverkoper
- BI 5 **Kerkwerf**  
6de ADV fokus op diens  
Hartebeeshoek sê dankie  
Katesesereeks brei steeds uit  
Beroepe aanvaar
- BI 6 **Teologiese gesprek**  
Sien dit soos dit is (Dr Piet van Staden)  
Inligtings- en besprekingsvergadering 13 Februarie 2013
- BI 7 **Gespreksforum**  
Die lied wat ons verloor het – en toe ook vergeet het (Dr Daan van Wyk sr)
- Agterblad **Oordenking**  
Geen donkerte meer nie (Ds Marius Bacon)

\*\*\*\*\*

## Ry die golwe in 2013

**Dr André Ungerer**, redakteur, skryf dat geleenthede en branderplankry met mekaar vergelyk kan word. Daar is waarhede betreffende hierdie sport wat genuanseerd op die kerk toegepas kan word. 'n Belangrike beginsel daarin is dat 'n branderplankryer op geen manier 'n golf kan skep nie. Die branderplankryer kan slegs wag op die ideale golf. Dit is die oseaan met al die inwerkende kragte wat golwe genereer. Dit herinner aan die waarheid dat dit God is wat die ideale geleenthede in sy kerk genereer. Dit kan spruit uit onstuimige toestande of uit die gewone werking van die oseaan. God se oseaan is simbolies van die lewe. Daar is soms storms wat die branderplankryer laat wonder of daar ooit weer gunstige golftoestande sal wees. Daar is die ietwat onstuimige en winderige toestande wat die perfekte branders stuur, en ook die kalm dae wat die jong ryers geleentheid bied om ervaring op te doen. Die punt is – God wek geleenthede vir sy kinders in die kerk om branderplankryers in die geloof te wees.

Soos met die branderplanksport, moet die kerk weet daar is soms stormtoestande waar onrybare golwe toegelaat moet word om uit te woed. Dan is daar winderige toestande wat ideale geleenthede bied. Die uitdaging lê daarin om potensiaal raak te sien in die geleenthede wat God uit alle soorte *seetoestande* skep.

Die krisis waarin die Kerk tans verkeer, roep om deeglike besinning en daadwerklike aksie. Ons kan onself as slagoffers van al die gebeure en hedendaagse bedreigings beskou en selfbejammerend die woorde van Psalm 42: 8 mymer: *U het golf na golf oor my laat slaan*. Of ons kan daadwerklik, met al die geleenthede wat die Heer van die kerk ons gaan bied, golf na golf uitry in 2013.

\*\*\*\*\*

## Maak die beste gebruik van elke geleentheid

**Dr Daan van Wyk (jr)** verwys na die Kolossense-brief se perspektief op 'n belangrike geloosbeginsel. Die brief vertel dat Paulus onder uiters moeilike omstandighede in die tronk sit. Hy ly swaar onder die gevangenskap en ontbering ter wille van die evangelie. 'n Mens sou verwag dat hy neerslagtig en radeloos sou wees, maar hy is nie. Inteendeel, hy is vol moed en dankbaarheid. Die gevangenstraf open nuwe verkondigingsmoontlikhede. Self gryp hy steeds elke geleentheid aan om as Christen te leef en die evangelie te verkondig. Hy moedig

ook die Kolossense aan om elke geleentheid aan te gryp en die beste daarvan te maak (Kol 4: 5). Swaarkry en moeilike omstandighede bring dikwels groter uitdagings en meer geleenthede op die pad van die kerk en in gelowiges se lewens as goeie en maklike omstandighede. Dit moet raakgesien, aangegryp en die beste daarvan gemaak word.

Daar is aan die begin van hierdie jaar menslik gesproke baie redes vir die Hervormde Kerk om swarmoedig en moedeloos te wees. Daar is verdeeldheid in gemeentes. Daar is beskuldigings dat die Kerk dwaal. Die Kerk staar uitgerekte hofsake in die gesig. Die Kerk kry finansiële bitter swaar op sowel gemeentelike as sinodale vlak. Trouens, ingrypende besluite sal by die Algemene Kerkvergadering in September geneem moet word, aangesien die Kerk nie kan voortgaan soos tans nie.

Wat moet ons doen? Ons moet die beste gebruik maak van elke geleentheid. Dit is 'n Bybelse opdrag aan ons. Om dit te doen, moet ons die geleenthede raaksien. Ons leef inderdaad in uiters opwindende tye in ons Kerk se geskiedenis. Mag die Heer van die kerk ons die wysheid en insig gee om die geleenthede raak te sien, en die beste daarvan te maak.

\*\*\*\*\*

## Teologiese gesprek

**Dr Piet van Staden** sit die teologiese gesprek voort deur 'n paar ongemaklike vrae te vra. Wat het verander, sodat 'n aantal predikante die verkennende aspek van Hervormde teologie afgesweer het asof hulle nooit daarin gedeel het nie, en selfs so ver gaan om kollegas wat dit handhaaf, te verketter? Hoe het hulle dit reggekry om hele gemeentes om te rokkel tot dissenters onder die vaandel van *onafhanklikheid*, met vervreemding vanaf die Kerk wat so deurdronge is van die geskiedenis van die Afrikaner?

(Volg die debat verder op [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) → Teologiese gesprek)

\*\*\*\*\*

## Die wet en die (de)kriminalisering van tienerseks

Die onlangse uitspraak van regter Pierre Rabie dat die strafregtelike artikels wat tienerseks tot kriminele misdade verklaar het ongrondwetlik is en gevolglik ongeldig verklaar moet word, plaas die morele kwessie daarvan stewig terug in die hande van alle opvoeders in die gemeenskap.

Die wysiging aan hierdie wet is nie net beperk tot die Suid-Afrikaanse reg nie, maar vorm deel van 'n wêreldwye hersiening daarvan in Eerstewêreldse regsisteme. Die wetgewing daarvan was van die begin af omstrede, terwyl die toepassing eweneens problematies was.

Die basiese grondslag vir seksuele opvoeding van kinders berus steeds by die ouerhuis en familiestrukture. Tweede in die ry staan die verantwoordelikheid van verskillende hulporgane in die gemeenskap. Hierdie ondersteuning sluit in onderwysers, voorligters, predikante, dokters, sielkundiges, beraders en enige vertroueling wat konstruktiewe leiding aan kinders kan gee.

Met die nodige en regte ondersteunende strukture kan kinders tot meer ingeligte en groter verantwoordelike besluitneming gelei word. Met die groeiende blootstelling van kinders wat uit gebroke huise kom, raak die rol van ondersteunende organe en terapeute eenvoudig groter en belangriker.

Hier het die kerk inderdaad 'n groot rol te speel. Die kerk is dalk in die beste posisie om aan kinders die beste grondslag te lê wat hul rolle, verhoudinge, verantwoordelikhede en waardering van en teenoor mekaar betref. Die kerk kan kinders weer by die punt terugbring waar hulle die grondslag van hul waardering van ander en hul verhouding met die teenoorgestelde geslag teen die agtergrond van God se opdrag uit sy Woord kan verstaan.

\*\*\*\*\*

## Ander berigte

Daar is onder andere ook 'n artikel van **dr Daan van Wyk (sr)** oor die **Geneefse Psalms** (die Geneefse Psalmboek het in 2012 reeds 450 lank bestaan), berigte oor die **Heidelbergse Kategismus** wat vanjaar sy 450-jaar-viering beleef en **die Bybel** wat steeds 'n topverkoper is, en 'n aankondiging oor die **6de ADV** wat van 22 tot 25 Mei by Gemeente Wonderboom plaasvind. **Ds Marius Bacon** van Warmbad se oordenking oor die Lig wat alle duisternis oorwin, gee troos en hoop aan die begin van 'n nuwe jaar.